

DAAD 58

Udf, sy geaffilieerdes, die ANC en AZAPO, almal samesweerders, het dieselfde standpunt t.a.v. tuislande en onafhanklike State soos die Ciskei, Venda ens. - hul erken nie die State en gebiede nie, en verklaar dat die gebiede steeds deel van die RSA is, en dat, hy magsoorname, die gebiede almal weer by die RSA se grondgebied ingelyf sal word.

Om die rede veral word die S.A. Regering, die tuislande- en onafhanklike State se regerings en instellings van daardie gebiede by die massas afgekraak en word die massas opgesweep om die beleid van die regering en die instellings te verwerp as 'n klomp "sell-outs", geen werklike leiers, maar lakeie van die S.A. Regering en mense met geen integriteit wat omgekoop is en wat nie die massas verteenwoordig nie.

1. Bew. B. 3

In sy presidensiële rede propageer die AZAPO-leier in 1983 aan die massas dat die tuisland-leiers die lakeie van die Regering is - ooglopend om hul in diskrediet by die massas te bring en die massas teen hul op te sweep.

2. Bew.. B. 7

Die National Forum het Junie 1983 die massas geïndoktrineer en gepropageer teenoor hul dat hul onmiddellik moet eis die

"Reintegration of the 'bantustam' human dumping grounds into a unitary Azania."

3. Bew./...

3. Bew. B. 12 en AB. 16

Ook AZASO, in sy beleidsdokument sweep die massas op om die tuislangde te beskou as "human dumping-grounds", en om nie die selfregerende state te erken nie.

AB. 16 is diemanufes van AZAPO, en verklar in identiese terme hul beleid t.a.v. die tuislangde

4. Bew. C. 20

Hierdie dokument, wat by UDF in Johannesburg gevind is, en wat ex facie die streek se toespraak is, sweep die massas teen die Regering op en veroordeel die tuislande as:

"Forlorn backgrounds of this land where they were to become "nations" in there own hush republics". - p. 6 (genommer 2)

en word die massas tot verenigde aksie opgeroep:

"We are expected to remain contend to ike out a life of poverty, when the glossy palaces of the ruler and his economic might are built on the blood, sweat and tears of our people. We are expected not te resist this shameful and humiliating existence, when we raise our voices in rejection we are banned, when a sense of manhood and self-respect in us prompt us to resist this unacceptable and inhuman state of affairs, we are jailed, exiled, called agitators and terrorists." . p. 7 (genommer 3)

Die oproep vir eenheid:

"At this hour in the story of an unfolding struggle for Democracy in our country, there is a definite, almost urgent need for unity....they must use various methods of recovering it, in our circumstances we have a mass based broad front which will effectively frustrate and lening to failure all of the facts mouldy proposals/...

proposals." - p. 14 (genommer 9)

5. Bew. C. 27

die samesweerder, G. Mohamed, en 'n leidende lig in UDF, het in hierdie "assessment of likely Events" die kampanjes van UDF genoem, en dan op p. 4 spel hy uit dat:

The above (al die knelpunte wat hy genoem het, soos rural poverty, unemployment, housing" ens.), and other issues, must fuel township dissatisfaction and uprisings."

Dit is dus, met respek hieruit duidelik dat hulle in UDF weet en besef die knelpunte moet tot oproer lei, en tog noem hul die knelpunte vir "verenigde aksie".

6. Bew. C. 55

In hierdie stuk, wat ex facie die dokument 'n onderhoud met Terrer Lekota (besk. 20) is, maar wat by be-Marobe, 'n mede-samesweerder, gevind is, word gewys op die belang van tuislande om die massas te organiseer en word erken dat die knelpunt van tuislande deel van die doel van UDF is om die Regeringsbestel te vernietig.

"As the bantustan policy matures, the question of additional land for African people is going to become a daily issue...the fact that only 13 % of the land has been set aside for African people, has meant that this small area is literally overflowing we can't see how the government can call ^m this situation."

en

"Those bantustans are a part of apartheid. Part of the strategy to destroy apartheid is to destroy the bantustans as well." - pp. 1 en 5

7. Bew./....

7. Bew. C. 56

Hierdie is 'n addisionele stuk wat met die stukke van bew. C. 5 gelees moet word, en op p. 2 kom die rede vir die organisasie van die massas in die tuislande na vore:

"Also, because workers in urban areas are relatively more comfortable, it seems that a high level of militancy will come from these areas, ^{To ignore these areas,} is to ignore areas of high resistance." - p. 2

8. Bew. C. 75

In die dokument wat gekry is aan huis van M. Rangobin van NIC, 'n geaffilieerde, word NIC se beleid uiteengesit en word die massas opgesweep tot onteunediheid want:

"80 % of our people can not survive our 13 % of the country hand shall be in the hands of those who work it."

9. Bew. C. 102

In die stukke van die algemene vergadering van UDF (nasionaal) in 1985, word die massas opgesweep teen die staatshertel en word 'n eis gestel, as die begin van 'n proses van oorgang van die huidige

"oppressive and exploitative order to a democratic state",

t.o.v. die tuislande.

"the immediate scrapping of the 1913 and 1936 ^L acts and all group areas Laws,...

the dissolution of the bantustams and the end of the migratory labour system" - p. 2 van die verklaring van

UDF/...

Die massas word op p. 11, in die Sekretariële verslag opgesweep om te aanvaar dat die grootste deel van die massas uitgewerp word na tuislande om daar te verhonger - p. 11, par. 8.5

10. Bew. C. 108

In hierdie opleidingskursus-verslag van Fedtraw, 'n geaffilieerde van UDF, word die vroue opgesweep met stellings soos: (p. 2)

"They are forced to stay in the poverty stricken homelands and scratch out a living.",

en dan word die vroue hierdie o.a. geïndoktrineer om te aanvaar dat hul

"must fight along side our men for a free and democratic South Africa. The women's struggle must be part and parcel of our struggle for national liberation." - p. 5

11. Bew. C. 132

In die memorandum word die massas in Noord transvaal opgesweep teen ons tuisland-leiers en die Regering:

"The worst features of apartheid and fascism show themselves clearly in the Bantustam. The tribal structures, the puppets and the homeland leaders are the worst hated symbols of the Bantustams." - p. 1

12. Die W. Reeks van bewysstukke

In verdere publikasies en besluite van UDF, sy geaffilieerdes en aktiewe ondersteuners, word die massas teen die regering opgesweep deur die tuisland-beleid, tuislande en tuislandleiers te propageer by die massas as onderdrukkers, plekke waar die massas heen gestuur word om te verhonger/...

ger, waar geen werk is nie, en word die leiers voorgehou as marionette en omgekooptes wat nie na die massas se belange omsien nie, maar hulself verryk:

(a) Bew W. 1 - State of the Nation - Aug. 1983:

"...once there, their shacks are demolished, forcing them back to the starvation which they hoped to escape."
- p. 16

(b) Bew. W. 1 p. 1 en 6

"Yet those who moved found just another dustbowl with even less to offer."

(c) Bew. W. 5, State of the Nation, Febr. 1985:

Die massas word hier ingelig dat dit nodig is vir hul om die omstandighede van die mense in die tuislande te verstaan.

"Bosses could only pay law wages because they know workers' families were stuck away on tine bantustam plots, scratching out whatever they could to stay alive, and because they knew that workers who organised against this could be removed and dumped in the veld, miles away." - p. 2

en ook'

"Traditional chiefs and headmen were turned into employees of the apartheid government, and used to keep rural people under control, either by using resources like land to reward friends and punish enemies, or by naked force." - p. 2

en

Finally,/....

Finally, the bantustams have healed the government and the bosses to turn their backs on the housing, healthcare and welfare needs of millions of South Africans. The homeless, the sick, the old and the disabled were moved out of urban areas and left to fend for themselves. And nothing has changed. - p. 2

Sien ook:

"For many the long wait outside a labour bureau for a job is an endless one - with no hope of escaping the mass prisons called "homelands" except illegally."
- p. 2

In die slot van die artikel word die Freedom Charter dan by die massas gepopulariseer as die alternatief. - p. 2

Sien verder p. 34 -

"But the focus of persuasion that induce chiefs to re-settle - such as tribes of luxurious farmhouses and choice land - become more difficult when officials are forced to negotiate with elected leaders of freehold areas. Pretoria's answer is to create chiefs if no real ones can be found."

en sien ook verder p. 37 - 43 van dieselfde publikasie wat op dieselfde trant geskryf is.

(d) Bew W. 6: UDF News: N-Tvl. - Vol. 1 No. 1:

In die nuusbrieff word die massas opgesweepte teen die Regering en tuislandleiers deur hul voor te hou as korrup, bloedsuiers en marionette van die Regering wat verantwoordelik is vir hul probleme:

"we/...

"We know Phatudi eats together with the apartheid regime which bring us suffering, and decease.

Phatudi's water machine will not finish our sufferings, only our Unity will, Unity under our organisations that want peace in our land.

Let us say in one voice, we do not want it, bloodsuckers such as Phatudi, Mphephu and others who bring us hunger, poverty, thirst and oppression.

We want our true leaders."

(e) Bew W. 8 Persverklaring van UDF van 23 Jan. 1985:

Hier word teenoor die massas gepropageer dat die oplossing vir die S.A. ekonomiese krisis geleë is o.a. in die "dismantling of the costly and unpopular Bantustans..."

(f) Bew. W. 12: Resolusie van Fedtraw, 'n geaffilieerde van UDF - Des. 1984:

"1. Many of our women throughtout South African are fighting bitter struggles to prevent forced removals.

2. That they refuse to move because they huan that there is only poverty and starvation in the bantustans, and that there is much repression in these areas."

- resolusie 4

(g) Bew. W. 15: AZASO Newsletter: Maart 1984:

"If people are staying in the Bantustans they are going to move to urban areas even if they have to go to jail, because the choice is between starvation or being in jail in an urban area." - p. 1, laaste par.

(h) Bew./...

- (h) Bew. W. 17: AZASO Orientation News: 1984

"The 'Cisheim' army and police regularly invade the Fort Hare Campus to crush the peaceful protests of students."

- (i) Bew. W. 23: SASPA National: Mei/Junie 1984

"Buthelezi has long been accused by students of being a government stooge for his role as chief minister in the government created Julu Bantstan." - p. 3, 4de kolom.

- (j) Bew. W. 24: UDF News: Okt. 1983

"Control is the name of the bantustan Jame. Struggle in the bantstans is far from the power centres of South Africa. And puppet 'governments' come down hard on any resistance." - p. 2, kolomme 2-3

- (k) Bew. W. 42: UDF News: Okt. 1984

"We are told to note for dummy leaders, violent Bantustan leaders, robbers in the new apartheid parliament."

- (l) Bew. W. 43: UDF News: (N-Kaap) Vol. 1 No. 1:

"P.W. Botha soek ons geld en ons seuns, maar hy is vasbeslote om apartheid te laat voortbestaan. Hy het uitgespel dat sy grondwet: ... swart manse moet met die arte bantoestans tevrede wees." - p. 1

- (m) Bew W. 44: UDF News (Tvl.): Aug. 1984

"We have mobilised against repression in the Ciskei and other bantustans" - p. 1

en

"sell-outs/....

"Sell-outs who take part in the new apartheid parliament will - like the so-called leaders in the bantustans - become junior partners in apartheid". - p. 3

en

"The Blacks will be pushed far away, to homelands (false homelands) of Seke and Mpephu. The government wants to exploit the Black person economically while not giving him a right in government." - p. 3 asook op p. 3, die laaste kolom.

(n) Bew. W. 45: UDF News (Wes-Kaap)

"To think that the government spend over R96 million a year to keep and force people out of towns! And how many millions on puppet governments in the bantustans? Your money and my money! How many houses, how many clinics could be built with this? Even one armoured car could build homes for many families. Instead they chase us like dogs!" - p. 2

(o) Bew. W. 55: NUSAS Pamflet:

"Not only are Africans entirely excluded, but the new constitution is premised on their permanent exclusion and on the irreversability of the bantustan policy." - p. 2, 1ste kolom

(p) Bew. W. 58: Congress Resister (TIC): Okt. 1984

Die hele publikasie is een beskuldiging op die ander teen die Regering en regerings-instellings, en 'n verheerliking van die UDF, die ANC en SAKP geskiedenis en bevat hul eise vir 'n "non-racial and democratic South Africa" - "free of the Group Areas Act and Bantustans." - p. 4

Wat/.....

Wat insiggewend is, is die kenteken wat op p. 1 van die publikasie regs-bo verskyn - dit is 'n variasie op die bekende "Freedom Wheel" van die ANC.

(q) Bew. C. 59: UDF News (Tvl.): Nov. 1983:

"A note for the councils is a note that will tell the government we are happy for them to keep on taking away our rights and putting us under the bantustans."
- p. 1

en ook

"As ons stem dan sê ons die Regering moet aangaan met die vuil verwydering van mense na die tuislande."
- p. 2 en 3

13. Bew. AA. 4: UDF Persverklaring: 12/12/84

Die massas word opgesweep teen die Regering vir verenigde aksie deur te propageer dat die sg. "Black Christmas" - campaign in solidariteit met "...Those dying of hunger in the Bantustans...", gevoer word - met die uitsluitlike doel natuurlik vir mobilisasie -

"It is therefore an attempt to win people onto the side of those committed to change" - p. 2

14. Bew. AA. 7: UDF-pamflet:

Die pamflet wat ooglopend vir verspreiding bedoel is, verklaar ook t.a.v. die "Black Christmas" dat "There is nothing to rejoice about. Let us remember:

"X...

X Those dying of hunger in the Homelands...

The joke about Homelands, we do not agree with...

The oppression under this government is unbearable, we can not carry the burden any longer.

How can we celebrate X-mas and new year ... when

we/...

we are out of employment, and dying of hunger in Homelands?"

Die pamflet is met die seën van East Rand UDF area committee, Fedsaw, TIC, RSM, BLY, ERAPO, SAAWU, COSAS en RCA o.a. uitgegee - almal geaffilieerdes van UDF.

15. Bew. AB. 28: UDF rondskrywe:

In hierdie dokument word, as deel van die sg. "Education Charter", gepropageer dat die "reintegration of bantustan structures into a democratic national system" deel moet uitmaak van die toekomstige onderwysstelsel.

16. Bew. AC. 4

In die resoluëie word die Tuislande voorgehou as:

"Barren, overcrowded and impovenished."

17. Bew. AC. 7:

In die AZASO-pamflet word die massas teen die Regering en "tuislandregerings" opgesweep en word beweer.

"Black education in South African has reached another crisis point with the racist state and its bantustan extensions more prepared to crush student opinion in our campuses and schools."

18. Bew. AD. 16: ECC-pamflet:

Om die massas teen konskripsie te indoktrineer, word aan hul voorgehou dat die Regering die weermag gebruik om mense wat teen verskuiwings na tuislande gekant is, te forseer. Aan die massas word die tuislande, om hul simpatie op te wek, voorgehou as "the impoverished homelands or bantustans, which were the most underdevelopment and improductive areas."

19. Bew./...

19. Bew. AJ. 7: NEC-verklaring van UDF:

Die massas word geïndoktrineer om te aanvaar dat die tuislande "distant wastelands" is en dat tuislande en seefregering op die massas afgedruk word.

20. Bew. AJ. 16: Verklaring van UDF 20/9/83:

Die massas word opgesweep teen die S.A. Regering en geïndoktrineer om te aanvaar dat

"Bantustan structures will increasingly be used to suppress any resistance to their apartheid policies."

21. Bew. AL. 64: Anti-P.C.-verklaring: 16/2/84:

In die verklaring deur die samesweerde I. Mohamed namens die anti-P.C., 'n affiliaal van UDF, word die massas teen die Grondwet, Regering en tuislandleiers opgesweep, en beweer I. Mohamed:

"We shall make it our duty to inform the community fully what serious dangers the constitution holds for us - we will become junior partners in imposing apartheid on the oppressed people helping to dump African people in the barren homelands to die of starvation, poverty and disease.

22. Bew. AL. 135: SCA-pamflet:

Die SCA sweep die massas op teen Raadslede en die verkiesing deur gebruikmaking van die knelpunt:

"A vote for the apartheid constitution is a note for: support for the government condemning us to the Bantustans..."

Remember/...

Remember....

The Hendrickse's Rajbansi's etc. and their counterparts like bantustan leaders have no right to claim to represent the African majority."

23. Bew. AL. 138: UDF-pamflet:

UDF sweep die massas op deur te beweer dat die massas se belastinge aangewend word deur die regering:

"To keep the bantustan governments in power and force people to live there."

24. Bew. AL. 139: UDF-pamflet:

Die pamflet is uitgegee ooglopend met die doel om kerke en kerkgangers in UDF se doeleindes te mobiliseer en beweer o.a.

"Why UDF rejects the constitution. African's will carry on being deprived of S.A. citizenship and forced into Bantustans."

25. Bew. AL. 150: UDF-persverklaring:

Besk. 19 propageer hier namens UDF dat die regering nie eerlik is met sy beleid van dialoog nie, en sweep die massas teen die Regering op deur o.a. te eis dat

"the reversal forthwith of the hated policy of Bantustans"

o.a. sal bewys dat die Regering eerlik in sy motiewe is.

1. Die organisasie van Vroue om te deel in die Vryheidstryd is by die ANC van groot belang en met die verklaring van die jaar van eenheid in aksie word vroue opgeroep om te organiser op groot skaal om as verenigde mag deel te neem aan die vryheidstryd.

Sechaba Februarie 1982 p. 9 AAE 2

"We call upon our women folk to raise the cry for vengeance against those who are murdering, maiming and torturing our sons and daughters for their participation in our struggle. You~~x~~ have already demonstrated that you do choose between dying in defence of apartheid or joining the noble cause of national liberation."

2. Mayibuye No. 9 ^{way} 1983 op p. 7 - BEW. AAF 8

Dit is van kardinale belang om daarvan kennis te neem dat die kampanje vand-ie jaar van die vroue en om vroue te verenig vir deelname in die Vryheidstryd. Hierdie kampanje is net so opgeneem en bedryf deur UDF.

"The decision by the ANC to name 1984 the year of the women was taken in recognition of the immense contribution of the women to the struggle for liberation in South Africa."

Daar is vrou wat kop en skouers uitstaan bo andere in die voer van die vryheidstryd en diens van die ANC. So is daar in die UDF en nog steeds prominent in die Stryd, Albertina Sisulu. (n Skets van haar aktiwiteite word verskaf).

"During the launching of the United Democratic Front (UDF) in Cape Town on the weekend of 20th August, the tens of thousands of those who attended the historic event were given so many names of participants who couldn't be present. One of them, one of the UDF Presidents/...

Presidents, Mrs. Albertine Konsikelelo Sisula, could not be there because she had been arrested earlier and charged with furthering the aims of the ANC."

h Tweede vrou wat voorgehou word as h navolgingswaardige heldin van die massas is Dora Tamana, h Persoon wat ook besonder aktief is in die aktiwitiete van UDF en dan word h oproep gedoen om organiseer agter leiers van die stryd.

*ANC
Konsikelelo* | "We must rally behind stalwarts like Francis Baard, another UDF patron, Helen Joseph"

3. Mayibuye No. 1 van 1984 - Bew. AAF 10 - p. 1 ,

O. Tambo het 1984 amptelik namens die ANC verklaar as die jaar van die vrou en h oproep gedoen dat die vroue in die RSA georganiseer en gemobiliseer word as h aktiewe mag vir rewolusionere verandering. Ook hierdie oproep het UDF opgeneem en h kampanje gevoer om vroue in die RSA te verenig vir deelname aan die vryheidstryd.

| "In the name of the National Executive Committee of the African National Congress I declare 1984 the year of the women, and charge the entire democratic and patriotic forces of our country with the task of joining in the effort to mobilise our women to unite in struggle for people's power." |

Mobilise and March Forward for People's power!!!!

It will be our special task this year to organise and mobilise our womenfolk into a powerful, united and active force revolutionary change."

4. Mayibuye No. 2 van 1984 - Bew. AAF 11 - p. 3

(1) Wanneer daar deur die ANC sowel as UDF verwys word na die platteland en Tuislande is dit altyd met enersluidende en oordrewe argumente van onderdrukking en hongersnood.

"As/...

"As one approaches the bantustans ... people and livestock."

(2) Die organisering en mobilisering van hierdie mense en veral die vroue is vir beide UDF en ANC van kardinale belang.

"There is no doubt that these masses of our people, condemned to spend their lives in such misery, possess tremendous revolutionary potential for the bitter struggle that lies ahead. And, since the women are in the majority ... it is essential that they be organised into a fighting force..."

(3) Stedelike en plattelandse organisasie en mobilisasie is ^{vir} alle rewolusies van besondere belang.

"As has happened with all successful popular revolutionary struggle in the world, it is essential for us to combine urban and rural organisation ~~and~~ mobilisation ... Presently, we have achieved a relatively advanced level of urban organisation and must do the same with rural masses, especially the women, in this year of the women."

(4) 'n Lang lys van ANC/UDF argumente volg waarom die platteland in die toestand is en dan word gestel.

"The question of migrant labour and in-flux control must then form one of the core issues around which we organise the rural women ..."

(5) Ook Tuislande moet gebruik word om te organiseer en te mobiliseer,

"To avert the situation means organising these women against the bantustan administrations who are collaborating in the fascist schemes to make the Bill into law..."

(6) Net/...

(6) Net so ~~moet~~ die massas rondom die land vraagstuk georganiseer en gemobiliseer word.

"On the question of organising ... Seize the land."

(7) Die Tuislande bied geen heenkome aan die vrouens nie en op die plase word vrouens en kinders uitgebuit. Daarom:

"For the successful revolutionary overthrow of the fascists we cannot afford to leave this important section of our people unorganised."

(8) Om die vroue te organiseer en te mobiliseer moet daardie vraagstukke wat hulle kan verenig, uitgesoek word.

"To achieve the task of bringing the women together into strong, united organisations, we have to select those issues that can bring them together immediately and create the necessary grounds for national unity around such tasks as destroying the bantustan system and the struggle..."

(9) Sulke vraagstukke waarom vroue georganiseer kan word, is :

"Thus in the first step in the organisation of rural women, we must organise them around their immediate problems - removals, living and working conditions in the white farms and in the bantustans, health facilities etc."

(10) Die belangrikste van alles in hierdie artikel is egter die feit dat die ANC vir UDF openlik identifiseer met die "broad democratic front" waarna voorheen so dikwels verwys was het so belangrik is die feit dat die ANC aan UDF die taak van die organisering en mobilisering van die vrou opdra om sodoende die "democratic movement" te versterk.

"A broad democratic front like UDF should also take, as one of its priorities, the involvement of rural women. This would help further to deepen the roots of the democratic movement."

5. Voice of women No. 1 van 1983 - Bew. AAJ 1 - p. 1

"A Conquering Force!"

(1) Die rewolusioneres moet hulself organiseer in 'n oorwinningmag ooreenkomstig die oproep van die uitvoerende gesag van die ANC. Die rassiste verval dieper in 'n politieke en ekonomiese krisis. Die inisiatief is besig om oor te gaan in hulle hande - die hande van die massas. Daarom is die rassiste besig om voor te berei vir die krisis wat voorlê. Dit is een van die oorsake van konstitusionele veranderinge wat daarop gemik is om gesag te sentraliseer in die hande van die President.

(2) Daarom is dit vir hulle nodig om te organiseer:

"But we must organise ourselves 'Comrade Tambo said' for the capacity to attack effectively as well as defend ourselves effectively. We must organise ourselves into a conquering force. The level of our political and armed offensive must reach new heights during 1983. This will be the year of our united action.

(3) Die gehalte van organisasie wat oorwinning vereis, kan nie oornag bereik word nie daarom word die vereiste organisasie uitgespel.

"Obviously, the kind of organisation that victory demands of us cannot be achieved overnight. That is why it is important for us to fight on all fronts.

Comrade Tambo says:

'To increase our offensive, we must:

* Organise all the people into strong mass democratic organisations.

* Organise/...

* Organise all revolutionaries into units of Umkhonto we Sizwe, and

* Organise all democratic forces into one united front for national liberation."

(4) Ons as vrou moet ons suksesse op aldie vlakke van die stryd ondersoek. Soos nooit te vore moet ons vroue organiseer om deel te vorm van demokratiese vroue organisasies.

"We have to struggle as never before to organise all our women into democratic ^womens organisations. It is only in conscious, organised struggle that we enhance our role in history, in changing our society. It is in such organisations that we learn to know the strength and the weaknesses of the racist enemy."

(5) Massa demokratiese organisasies alleen sal nie oorwinning te weeg bring nie en wanneer ons baklei oor huur is die doel daarvan nie om slegs tydelike oorwinnings te behaal nie. Dit is deel van ons nasionale stryd vir magsoorname.

"Victory cannot be won in mass democratic organisations alone. For when we fight rent battles, it is not just to win temporary victories. These are part of our national struggle for the seizure of power."

(6) Dit is maklik vir die vyand om op te tree teen openlike demokratiese organisasies en hulle te dwing om ondergronds te gaan soos bv. die ANC. Daarom moet ons die stryd ondergronds en nie openlik voer nie. Ons taak is om die ANC ondergronds te versterk. Dit is ons waarborg vir oorwinning. Op hierdie gebied is dit van kardinale belang om ons organisasies te beskerm.

"One/...

"One of the most important lesson we have to learn at this level of action, is to defend our organisations."

- (7) Gepaard met ondergrondse strydvoering is die aanslae van Umkhonto we Sizwe:

"The latest MK actions against racist targets like railway bridges, fascist supreme court and community council offices, show us once again that our struggle has reached the stage where the mass actions of the people go side by side with armed actions."

- (8) Een van hul vernaamste take is organisasie en mobilisasie:

"This places on our shoulders one of our most important tasks - to organise and mobilise more and more women into the ranks of our people's army. We must take up the spear and fight for our children.

We must also organise women to support and shelter our combatants inside the country. Our homes must become the bases from which we launch our attacks against the enemy. Guerilla warfare cannot succeed without the active support of the people. To undertake this tasks we have to organise ourselves into underground units."

- (9) n Ander baie belangrike taak is om hulle te organiseer in ondergrondse eenhede om die propaganda offensief te versterk. Rewolusionere publikasies en propaganda moet oorgeskryf en versprei word want.

"A newspaper is an organiser. It spreads ideas, stimulating, mobilising and guiding people into action. This is why the enemy fears our magazines and pamphlets. This is ^{why} he has banned all our literature We must spread the word of liberation. Pass Vow on. Pass it on to your friend. Pass it on to your neighbour/...

hour. Pass it on to your fellow worker. Pass it on to your children

Let 1983 be the year of organisation for the heightened onslaught."

6. Sechaba Januarie 1984 - Bew AAE 18 p. 1-3

(1) Die ANC het 1984 ~~verklaar~~ tot die jaar van die Vroue verklaar sodat hulle 'n rol kan vervul in die sg. nasionale vryheidstryd en in Suid-Afrika het UDF dit spesifiek opgeneem as een van sy kampanjes.

"The ANC has declared 1984 the year of the Women. There is ample reason for this. The declaration of 1984 as the year of the Women is a tribute to the militant struggles waged by the women of South Africa - that mighty detachment of our revolutionary struggle for national liberation and social emancipation"

(2) 'n Geskiedkundige oorsig word gelewer van vroue se aktiwiteite in die sogenaamde vryheidstryd en as deel van die ANC.

(3) Albertina Konstsikelelo Sisulu (een van die presidente van UDF per Bew. A. 1 p. 6) word spesiaal uitgesonder as 'n steunpilaar van die ANC wat 'n navolgingswaardige voorbeeld stel.

"There are scores of women who are daily harassed by the racist regime. If there is one woman we have to single out - as an example of many - it is Albertina Kantsikelelo Sisulu."

en op p. 3

"...neither will her influence wane: she has become one of the martyrs of our revolution."

(7) Sechaba/...

(7) Sechaba Februarie 1984 - Bew AAE 19 - p. 6

"South Africa's year of the Women a call to the people's!"

Die doel van die ANC om 1984 as die jaar van die vrou te verklaar is om vroue te betrek in die nasionale vryheidstryd:

"We have thus dedicated the coming year as confirmation of the resolve of the South African national liberation movement to see the women of our motherland play their rightful role in the forefront of the struggle for the destruction of the monstrous system of apartheid and the creation of a peaceful, democratic and non-racial South Africa."

8. Sechaba Oktober 1984 - Bew. AAE 26 - p. 8

"South African Women's Day"

(1) "Unity in action is the hallmark of the womens struggle" in Suid-Afrika en daarom word dit deurweef met UDF se nasionale kampanje teen die konstitusie.

"Hence, national Woman's day has been integrated into the nationwide campaign to reject and resist the fraudulent constitution under the theme 'Women Unite Against Botha's Deal.'"

(2) Persverklaring van Fedraw word verskaf en wat Albertina Sésulu te sê het. Dan wat een van die Prokureurs van die Verdediging se politieke aktiwiteite in die sameswering.

"Mrs. Priscilla Jana, a lawyer, told the rally that the new constitution would seal the fate of the black worker as more and more will become aliens in the ~~S~~country of their birth, Labour needs in the 'white' cities will be filled by contract workers, who will be seperated from their families as imigrants and who will not dare demand their rights for fear of
their/...

their contracts being cancelled. Anybody who participates in the new constitution will be as guilty as the perpetrators of this crime against the people participation is betrayal of the children of 1956. He who participates is a traitor. He must be branded as a sell-out and treated as a leper."

(3) Die gees van die Fedsaw vergadering word weerspieël in:

"One of the founders of Fedsaw and a patron of UDF, Mrs. Frances Beard, drew a storm of applause when she declared: 'We are on the march to freedom. If anyone stands in front of us, we are going to crush them.' Another women on the platform at the rally was Mrs. Sarah Mosololi, who is the courageous mother of the ANC freedom fighter, Jerry Mosololi, illegally executed by Pretoria in June 9th last year. During the meeting the audience stamped and clapped as they sang freedom songs and chanted the praise of ANC President, Oliver Tambo."

Let op die waarde wat geheg word aan hierdie simbole van die vryheidstryd.

9. Dawn Vol 7 No. 8 van 1983 - Bew. AAG 1 - p. 18

"Womans Forum - A Legacy to be Enriched."

10. Bewysstuk A. 1

(1) Die ANC beklemtoon in die besonder dat vroue georganiseer word om aktief deel te neem aan die vryheidstryd en deel te wees van die rewolusie van die massas. Hulle word selfs beskryf as 'n "Conquering Force". Volgens Bew. AAF 11 word bv. uitdruklik 'n beroep op UDF gedoen om:

"A/...

"A broad democratic front like UDF should also take as one of its priorities, the involvement of rural women. This would help further to deepen the roots of the democratic movement."

Die ANC beskryf homself by herhaling as die democratic movement. Dus moet UDF die vroue betrek en organiseer om die ANC te bevoordeel.

(2) Die UDF het dan ook 'n kampanje aanvaar met spesiale koppeling aan die vroue wat die land uitgevlug het en wat uit die aard van die saak deel vorm van die ANC dat vroue hulle skaar onder die vleuels van die UDF - Sien p. 25 Bew. A.1.

Die ANC en ook UDF het 'n kampanje gevoer om vrouens, en veral Swart vrouens, te organiseer en te betrek in organisasies ten einde die vrouens, en dan veral die Swart vrouens, in die RSA te mobiliseer, op te sweep en/of te aktiveer om deel te neem aan geweldpleging en/of handelingte waardeur die RSA onregeerbaar gemaak moes word en wat moes uitloop op 'n gewelddadige rewolusie deur die massas in die RSA.

1. Bewysstuk C35 (eerste dokument) wat in die UDF-kantore gevind is, bevat 'n kort skets van die ontstaan van die Federation of South African Women. Die doel met FEDSAW was, onder andere, om vrouens oor die hele land te organiseer en ook om hulle 'n rol te laat speel in die sogetoename stryd vir nasionale bevryding.
2. Op 'n konferensie van die Streekraad van UDF (Oos-Kaap) op 4 Desember 1983 het PEWO 'n resolusie voorgestel wat aanvaar is, om te affilieer by UDF om daardeur die nuwe grondwet en Koornhof-wette teen te staan en te veg vir 'n verenigde demokratiese en nie-rassistiese Suid-Afrika, omdat -

"No nation can be free unless the Women too are free, and that we women must stand shoulder to shoulder with our men folk in the common struggle against poverty, race and class discrimination".

BEWYSSTUKKE: C46, p. 2;
C114, p. 3;
AD2, p. 3.

3. In Bewysstuk C78 verklaar JODAC dat een van die kwessies wat hulle gaan opneem, handel oor die rol van vrouens. Hulle stel dit dat die meeste vrouens nie georganiseer is in politieke vroue-organisasies nie en daarom gaan hulle hulle lede onderrig in verband met vroue-aangeleenthede en help om vrouens te organiseer om deel te neem aan en steun te gee aan die stryd van FEDTRAW - p. 3.

4. Op die opleidingskursus wat op 20 Januarie 1985 in Johannesburg gehou is as deel van die Freedom Charter-kampanje, het Raymond Suttner van UDF, 'n referaat gelewer waarin hy 'n politieke analise gedoen het van die Freedom Charter. Daarin het hy dit, onder andere, gestel dat die kwessie van vrouens in die Freedom Charter behandel word as deel van die breë vraagstuk van nasionale bevryding. Die Charter beklemtoon die algemene doel van gelykheid tussen mans en vrouens met betrekking tot demokratiese regte en betaling vir werk. Verder word sekere meer spesifieke eise gestel om dié breër oogmerke te verwesenlik.

BEWYSSTUK: C97, p. 26.

5. Op 7 April 1985 het UDF se Nasionale Algemene Raad sekere resolusies aanvaar. Dit is gekonstateer -

- "1. that the extent to which the women are organised is a barometer of the level of the struggle as a whole;
2. that many of our finest and bravest women have been forced into exile by the apartheid system, and experience hardship through banishment and imprisonment;
3. that this system thrives on division, one of which is the division between men and women, created by unequal wages and conditions of employment, inequality before the law, vicious applications of removals and pass laws against women, and the burden of responsibility for the home;

5. that despite the increased organisation of women, the oppression and hardship in the lives of South African women has intensified over the past ten years.

WE BELIEVE -

1. that the goal of full recognition of all women, of freedom and happiness for our children cannot be achieved in the present political and economic situation;
2. that oppression in South Africa cannot be wholly removed without removing the oppression of women;
3. that while the resources of a country, the product of the exploitation of the majority are used for the benefit of the majority, the women of South Africa like other workers will continue to be oppressed and exploited.

WE THEREFORE -

1. call on all women to bring their organisations into the United Democratic Front, so that we can realise our commitment to fight shoulder to shoulder with our men folk in the common struggle against race, class and sexual discrimination.
-
3. and call on the government to lift the banishment of all women, including Winnie Mandela and for the release of all women political prisoners."

BEWYSSTUK: C.102 p. 35;
SIEN OOK BEWYSSTUK C.138 p. 22.

6. In Mei 1985 het FEDTRAW en UDF 'n gesamentlike opleidingskursus aangebied wat gehandel het oor die rol van vrouens in die stryd. Dit is aan die vrouens oorgedra hoe hulle onderdruk word deur die Regering se apartheid- en ekonomiese beleid om 'n rewolusionêre gesindheid by hulle op te wek. Hulle is dan ook ingelig oor die trotse tradisie van massamobilisasie en nasionale organisasie deur vrouens. Dit word by die vrouens ingeskerp dat -

"The struggle of women in the 1950's show clearly that women can and must play a role in our struggle for national liberation. As women, we cannot fight for our rights as women only, we must fight alongside our men for a free and democratic South Africa. The women's struggle must be part and parcel of our struggle for National liberation. We say this because we believe that our people will never be free while our women are in bondage.

Our watch word today is to unite and organise women. To educate men and women about the women's struggle and to fight for a free South Africa". p. 5

Daar was ook 'n oproep dat UDF-geaffilieerdes vrouens moet organiseer rondom sogenaamde "day-to-day issues" en dat die vroue-kwessie opgeneem moet word in die ander organisasies soos jeug- en burgerlike gemeenskapsorganisasies en vakbonde. Dit moet gedoen word om 'n rewolusionêre gesindheid onder die vrouens op te wek en te bevorder teen die Regering vir deelname aan die rewolusionêre stryd.

BEWYSSTUK: C.108.
SIEN OOK BEWYSSTUK AE25 wat deur Beskuldigde 19 opgestel is.

7. UWO bring dit onder die vrouens se aandag dat hulle slawe-
arbeid verrig en dit word by hulle tuisgebring dat hulle
deur die Regering en die Blankes onderdruk en uitgebuit
word. Hulle word ook opgeroep om saam met die mans te
verenig in die sogenaamde vryheidstryd en aktief te werk
saam met ander organisasies -

"Comrades, the United Women's Organisation works hand
in hand with other organisations. Within the UDF we
hope to move the women's struggle and the struggle
as a whole forward. Our task is to reach out to un=
organised women and draw them into the democratic
movement. The task of organising women is a task
that confronts us all - the trade union movement,
the student movement, the civic associations and
the youth movement".

BEWYSSTUKKE: C.141 p. 2; en AE28.

8. Dat die vroue-kwessie van groot belang vir die UDF is, blyk
ook uit die NEC-besluit wat hulle op 21/22 Julie 1984 geneem
het dat hulle meer konkrete en ernstige aandag aan dié kwes=
sie moet gee.

BEWYSSTUK: H.1 p. 2.

Dit blyk ook uit die verslag wat FEDSAW voorgelê het aan die
Spesiale Algemene Raadsvergadering van UDF (Transvaal) op
14 Julie 1984.

BEWYSSTUK: R2 p. 1.

Ook in die Sekretariële Verslag aan die Algemene Raad van
UDF (Transvaal) op 25 Februarie 1984 is dit gestel dat die
vroue-kwessie nie die aandag gekry het wat dit verdien nie.
Dit word dan ook gestel dat -

"Thirdly, the struggle of women ---- the most exploited
and oppressed amongst us, need to be brought into a
sharper focus. The struggles being conducted by the
mothers and wives by the domestic and farm workers
need to be linked to the national political struggles
being waged by the UDF".

BEWYSSTUK: T.19 pp. 2 en 3.

SIEN OOK IN HIERDIE VERBAND BEWYSSTUK: AE29.

9. Op 23 en 24 Junie 1984 het FEDSAW 'n opleidingskursus in die Transvaal aangebied. Die verskillende vrouegroepe het verslae gelewer. Onder andere het die Vaal Women's Group vertel hoe hulle in die Vaal vroue organiseer rondom daaglikse knelpunte soos hoë lewenskoste, hoë huishuur ens. Hulle het ook baie nou saamgewerk met VCA.

Dit is ook by die vrouens ingeskerp dat hulle dié groep is wat die meeste onderdruk en uitgebuit word in die huidige bestel om sodoende 'n rewolusionêre gesindheid by hulle op te wek en te bevorder. Dit word dan ook aan hulle oorgedra dat hulle moet organiseer en aktief betrokke raak in organisasies om hulle te laat beseef dat hulle moet deelneem aan die sogenaamde vryheidstryd. Hulle moet onderrig word oor die "national struggle in our country". Hulle moet ook ander organisasies betrek en betrokke maak by hul stryd.

'n Groep van die vroue het ook 'n UDF-opleidingskursus, wat terselfdertyd aangebied is oor die nuwe grondwet, gaan bywoon -

"Here they shared ideas with other organisations on how we as women can work against Botha's New Deal.

This helped us get a clearer picture of what action should be taken. And we learnt how important it is for our women to stand united with all other organisations in this campaign against Botha" - p. 8.

BEWYSSTUK: U5-a.

10. In Bewysstuk AB43 op p. 11 wys COSAS op die belangrike rol wat vrouens in die stryd speel en spel COSAS sy aandeel hierin uit -

"It is therefore our task to organise our women students into COSAS, to mobilise them against the problems they experience. We must educate them about the nature of our society. We must involve them in our campaigns and programmes".

Dit word dan ook gestel dat die probleme wat vroue studente ondervind -

"--- lies in the heart of our society. A society which promotes sexism, oppression, hunger, exploitation and all other evils".

11. In die Augustus 1984 nuusbrieff van FEDSAW word alle vroue opgeroep om die Regering se hervormingsplanne te beveg en onwerkbaar te maak en skaar hulle, hulle agter die UDF in sy kampanje teen die nuwe grondwet.

BEWYSSTUK: AE.1 en AE32.

12. In Bewysstuk AE2 word die geskiedenis van FEDSAW weergegee. Van belang, ook, is om te let op die doelstellings van FEDSAW, wat soos volg lui -

- "- to create a broad-based, non-racial organisation, to unite women and work towards full liberation;
- to strengthen, build and bring together women's groups through joint campaigns;
- to organise women around day-to-day issues like rent and electricity increases, food price increases; removals; creches; township facilities; and bus fare increases;
- to link local demands of women to national struggles;
- to demand an equal role for women in society, and in the political struggle" - p. 1.

13. Op 4 November 1984 het FEDSAW 'n vergadering gehou in Soweto. Daarop is uiting gegee aan die oproep dat die vrouens se stryd betrek moet word in ander organisasies om deel te vorm van die sogenaamde vryheidstryd. Die sprekers het agt verskillende organisasies verteenwoordig.

BEWYSSTUK: AE5.

14. Bewysstuk AE6 is 'n publikasie wat handel oor FEDSAW en sy geskiedenis. Daarin word aangetoon hoe die vrouens al van vroeg af georganiseer is en deel gevorm het van die sogenaamde vryheidstryd. Van belang is om te let op die rede vir die verspreiding van dié publikasie -

"The purpose of this booklet is to give women a starting point for thinking about and discussing :

- how we should organise;
- how we can learn from the past;
- how we can prepare for the future" - p. 3.

Deurgaans word daarop gewys hoe die vrouens onderdruk en uitgebuit word deur die Blanke en die Regering.

Dié publikasie word versprei om die vroue te verenig en 'n rewolusionêre gesindheid jeens die Blanke Regering op te wek en te bevorder, om hulle te betrek in die rewolusionêre stryd.

15. In Bewysstuk AE7, wat by Beskuldigde 19 gekry is, word die United Nations Decade of Women bespreek. Die sogenaamde knelpunt wat veral die Swart vroue in die RSA raak, word uitgelig. Daar word ook 'n oproep gedoen dat wanneer kampanjes beplan word, moet daar gestrewe word om die vroue te organiseer. Daar word ook reeds geraak aan die rol van die vrou in die "bevryde" Suid-Afrika -

"Women's problems are the people's problems. In our struggle we lay the basis for a future society. We want women to be active and equal members of a free South Africa. We must start laying that basis now in all our organisations" - p. 3.

(Dit is insiggewend dat hierdie stuk deur UWO gestuur is aan FEDTRAW, maar na UDF toe in Johannesburg. In 'n meegaande skrywe deur UWO word vroue opgeroep om op te staan en te verenig en solidariteit te betoon met vroue wat gearresteer is in die Kaap tydens 'n protesoptog. Daar word vyandige gesindheid teenoor die Blankes aangeblaas as die skrywe soos volg afsluit -

"To us women the time has come. These Boers do not get tired of sucking the black man's blood. If we remain silent, until when will it be. Stand up women the time has come. Let us remember that no nation was ever liberated without its women standing up".)

16. Bewysstuk AE8, uitgegee deur FEDTRAW - geaffilieer by UDF en 'n lid van die sameswering - is 'n kalender vir 1985. Van groot belang is die boodskap op die voorblad wat in Engels sowel as twee Swart tale weergegee word. Hierdie boodskap met die opskrifte -

"THE UNITY WE NEED IS PEOPLE'S UNITY
 WE NEED IT ALL
 WE NEED IT HERE
 WE NEED IT NOW!
 ORGANISE FIGHT ON!",

lui soos volg -

Op p. 14 word die toespraak van Mandela na aanleiding van die Staatspresident se aanbod gepubliseer en word Mandela ook gepopulariseer as 'n ware leier van die massas, en word die leiers van die onafhanklike state en Kleurling- en Indiërparlementariërs teenoor die lesers voorgestel as geen ware leiers van die massas nie.

20. BEWYSSTUK W3 :

"Izwilethu : September 1984" (CUSA).

Op pp 4 - 5 word die wetgewing ten aansien van aanhouding teenoor die massas gepropageer as "a vicious system of detention without trial".

21. BEWYSSTUK W.12 :

FEDTRAW Resolusies : Desember 1984.

Die vroue word hier geïndoktrineer dat dit "the task and duty of every freedom loving woman in our country (is) to stand up and fight this apartheid regime", en word die vroue in die gevangnisse vereer vir hul aandeel in die vryheidstryd.

22. BEWYSSTUK W.13 :

AZASO Newsletter : October 1983.

Teenoor die lesers word gepropageer dat AZASO die tradisie geskep deur die ANC Youth League, voortsit - p- 3.

23. BEWYSSTUK W.19 :

Saspu National : Maart 1984.

Op p. 8 word Dorothy Nyembe besing as 'n "symbol of courage to many South Africans. She has bravely faced and overcome hardships in her tireless work for democracy". Ook word ander vroue, wat vir ANC-bedrywighede onder andere veroordeel is, besing en gepopulariseer.

Op p. 13 word die lesers geïndoktrineer dat die omstandighede van politieke aangehoudenes in die gevangnisse baie swak is.

24. BEWYSSTUK W23 :

Saspu National : Oktober 1983.

Op p. 7 word die lesers geïndoktrineer om te aanvaar dat "there can be no democracy when the Constitution is made without the presence of these people".

Yusuf Dadoo, die voorsitter van die Sentrale Komitee van die SAKP, word op p. 12 gepopulariseer by die lesers as 'n leier van die massas.

25. BEWYSSTUK W33 :

"The Young Leader" : 1984.

Hier word aan die lesers verkondig dat die terroriste nie terroriste is nie, maar "--- young people who left South Africa in 1976. These people are in fact fighting for equal rights, better housing, health services and a peaceful future."

*Lemana
Youth
League*

26. BEWYSSTUK W34 :

"Challenge" (BSS-AZASO).

Op p.3 word die lesers opgesweep om die ANC-leiers soos Mandela, Mbeki en andere te aanvaar as die "symbol of

U

hope and inspiration for the oppressed people. They have become the peoples leaders."

Ook op p. 10 word 'n ANC-leier by die lesers gepopulariseer as 'n "source of inspiration to the young women of today".

27. BEWYSSTUK W35 :

Bewys 7

"ADAC News" - Julie 1984. *Geen bewys dat dit gefabrieer is.*
Op p. 2 word al die Rivonia-beskyldigdes weer eens gepopulariseer onder die massas en word hulle voorgestel as -

"They represent the highest in morality and ethics in the South African struggle ----- without their leadership brotherhood and humanity may be blasted out of existence in South Africa."

28. BEWYSSTUK W42 :

"UDF-News" : Oktober 1984.

UDF verkondig onder die massas dat die Regering die massas se "leiers" aanhou en verban omdat die leiers teen die Raadslede georganiseer het. Ook word verkondig dat vergaderings verban word omdat "the Government fears our voice".

Die verdere oproep word dan gemaak dat alle politieke aangehoudenes vrygelaat moet word - p. 2.

29. BEWYSSTUK W44 :

"UDF-News (Transvaal)" ; Augustus 1984.

Die massas word opgesweep teen die Regering en dan word verklaar -

"But the harshest effects of the New Deal will come when the new parliament starts in September.

That is the time that our resistance must be deepened."
en

"We must redouble our efforts to build the power of our democratic organisations. We must bring in more people. We must develop more organisers and fighters for a free South Africa."

en

dan word die massas geïndoktrineer om die vrylating van politieke gevangenes te eis :

"We know that we cannot discuss a constitution without the release of political prisoners, the unconditional return of exiles and the repeal of all unjust laws."
- p. 1.

Ook word op p. 2 verkondig dat geen vrede moontlik sal wees sonder vrylating van die politieke gevangenes nie - onder andere Mandela en kie.

30. BEWYSSTUK W49 :

"TIC-pamflet".

Die massas word teen die Regering opgesweep want die Regering sou dan nie drie ANC-"terroriste" se doodsvonnisse voltrek het nie, maar slegs "children of normal South African families caught up in an ever-escalating civil war".

31. BEWYSSTUK W58 :

"Congress Resister" : Oktober 1984.

Die massas word opgesweep om die vrylating van politieke aangehoudenenes en veroordeeldes te eis want, word verkondig :

"We want our heroes and heroines to take their rightful place in our Country, to guide us in our fight ----".

32. BEWYSSTUK W68 :

"The Eye" : Maart 1985.

Op p. 12 word Mandela se antwoord op die Staatspresident se aanbod om voorwaardelike vrylating gepubliseer.

33. BEWYSSTUK W70 :

"Speak" : November 1984.

Die massas word teen die Regering opgesweep deur bewerings dat persone aangehou kan word omdat -

"The Minister of Law and Order believes they may have been thinking of endangering the Security of the State" - p. 7.

34. BEWYSSTUK W71 :

"JODAC News" : Augustus 1984.

Die massas word opgesweep teen die Polisie en word beweer -

"Our security legislation allows the police unlimited power. This, combined with the sinister web of secrecy they spin around the detainees, creates justified concern in the minds of the public" - p. 3.

35. BEWYSSTUK AA4 :

UDF-persverklaring : 12 Desember 1984.

Teenoor die massas word verkondig dat die "popular leaders are either banned, banished, detained, imprisoned".

36. BEWYSSTUK AE.16 :

FEDSAW-persverklaring : 24 Augustus 1984.

Die Regering word teenoor die massas uitgekryt as "lafaards" en word die vrylating van aangehoudenes geëis anders sal "the volcano erupts".

37. BEWYSSTUK AG3 :

Persverklaring UDF : 31 Januarie 1985.

Hierin verkondig UDF teenoor die massas dat die Regering verantwoordelik sal wees vir enige "konflik" wat mag vererger solank Mandela en ander politieke aangehoudenes aangehou word.

Ook word dit by die massas ingeprent dat net die vrylating van politieke gevangenes en die afbreek van die Regeringstrukture "stabiliteit" en "vrede" sal bring.

38. BEWYSSTUK ^A DG4 :

Persverklaring UDF : 31 Januarie 1985.

Die massas word hier, onder die hand van Beskuldigde 21, geïndoktrineer dat Mandela geregverdig sal wees as hy nie geweld afsweer nie.

39. BEWYSSTUK AG5 :

UDF-persverklaring : 9 Februarie 1985.

Die idee dat Mandela en kie. die massas verteenwoordig in die RSA, word onder die mense versprei.

"--- the Government is still not prepared to accept the fact that Mandela and his Comrades represent the aspirations and the will of our people."

40. BEWYSSTUK AG7 :

Memo aan alle Streke : Februarie 1985.

Onder die hand van Beskuldigde 19 word gepropageer dat -

"The apartheid regime is illegitimate and so is its pernicious system of detention and, charges under its security legislation".

41. BEWYSSTUK AG8 :

AZASO-publikasie.

Die hele publikasie is 'n verheerliking van Nelson Mandela en sy trawante uit die Rivonia-verhoor. Die massas word geïndoktrineer om Mandela as "the people's Leader" te aanvaar.

42. BEWYSSTUK AG9 :

TIC-pamflet.

Ook hier word die massas opgesweep om die Veiligheidswette as "unjust laws" te sien en te eis vir die vrylating van politieke aangehoudenes.

43. BEWYSSTUK AG.10 :

RMC-pamflet.

'n Massavergadering waarop Beskuldigde 20 onder andere as spreker opgetree het, word adverteer, welke vergadering in solidariteit met Mandela gehou word.

44. BEWYSSTUK AG.12 :

TIC-pamflet.

Die Sekretaris van die SAKP word in dié pamflet verheerlik as 'n "freedom fighter".

45. BEWYSSTUK AG.17 :

AZASO-pamflet.

AZASO verkondig hier teenoor die massas dat Mandela "the source of inspiration to all the oppressed people of the land" is en dat hy vrygelaat moet word as vereiste vir vrede en vrymaking van die juk van onderdrukking.

46. BEWYSSTUK AG.18 :

In die TIC/UDF-plakker eis dié organisasies die vrylating van "our leaders".

47. BEWYSSTUK AG22 :

Die massas word in dié TIC/UDF-pamflet opgesweep om onder andere te glo dat "in all countries around the world, a person has to be found guilty in Court before being jailed", e

"In South Africa, the Government can throw anybody into jail for as long as they like, without giving them a court trial",

en dan word die politieke aangehoudenes vereer as "our leaders".

48. BEWYSSTUK AG23 :

Persverklaring : I.J. Mohamed : 3 September 1983.

Dié samesweerder en leidende figuur in UDF, TIC, en Anti-PC verkondig teenoor die massas dat Tambo die "leader of the Vanguard Movement of our Country" is.

49. BEWYSSTUK AG24 :

Songsheet.

In die liedere (wat by I. Mohamed gevind is) word Mandela en kie. besing as die leiers van die massas en word die ANC-terroriste by die massas verheerlik.

50. BEWYSSTUK AG25 :

In die boodskap van Transvaal Anti-PC (wat deur I. Mohamed geskryf is) aan UDF by sy loodsing, word die massas eweneens daaraan herinner dat die aangehoudenes, veroordeeldes en terroriste van die ANC in die buiteland "our brave patriots" is waarop UDF gebou word.

51. BEWYSSTUK AG26 :

W 19
S aapw p 8
W 34 p 10
Chapman
7 In sy verwelkoming van Dorothy Nyembe, wat pas vrygelaat is na sy 15 jaar gevangenisstraf uitgedien het vir ANC-bedrywighede, word die massas deur I. Mohamed te Pietersburg (Mankweng), opgesweep teen die Regering en Blanke minderheid -

"acknowledges the suffering of the mothers who have been robbed of the precious lives they brought into this world and we think particularly of Mahlangu, Magoerane, Motaung, Mosolodi and very particularly of Benjamin Moloise -----"

en dan word die massas opgeroep om te verenig -

"we must build them into an anvil on which the beast that is destroying our people in detention and imprisonment will meet its end".

52. BEWYSSTUK AJ2 :

NIC-pamflet.

Die massas word opgesweep teen wetgewing oor aanhoudings -

"South Africa's courts have decided that the Government can detain them, even though they have committed no crime".

53. BEWYSSTUK AJ8 :

UDF-persverklaring ; 21 Augustus 1984.

Die massas word opgesweep dat die aanhouding van hul aktiwiste ongeregverdig is, en dan -

"We demand the immediate release of all these activists and the cessation of these acts of terror".

54. BEWYSSTUK AJ.10 :

UDF-persverklaring ; 10 Desember 1984.

Ook hierin word die massas geïndoktrineer dat "only the release of our people's leaders and the dismantling of apartheid will bring about peace in this country".

55. BEWYSSTUK AJ.13 :

UDF-persverklaring : 2 Oktober 1984.

Die Regering word hier gewaarsku dat "detentions only serve to fuel the anger of our people".

56. BEWYSSTUK AJ.14 :

UDF-persverklaring.

UDF populariseer hul organisasie vir die "courage and spirit of resistance of our people led by Gadora and Cradoya" en eis dan die vrylating van die aangehoudenes.

57. BEWYSSTUK AJ.18 :

UDF-persverklaring.

Die massas word geïndoktrineer om te aanvaar dat die Regering Beskuldigde 20 deur middel van aanhouding treiter en die UDF verklaar, by monde van Beskuldigde 19, dat dit hom nie sal laat afsien van die intensifisering van sy kampanje teen die Regering nie.

58. BEWYSSTUK AJ.19 :

UDF-persverklaring ; 3 Februarie 1984.

Die massas word geïndoktrineer dat die Staat slegs UDF se leiers, Elliot Shabangu en Amos Masondo, uit paniek laat aanhou het, en verklaar dat dié twee here verantwoordelik was vir die "victorious victory of the Soweto people against the Black Local Authorities".

59. BEWYSSTUK AJ20 :

UDF-persverklaring.

Die massas word in die verklaring geïndoktrineer om te glo dat die persone wat in die Vaal na die opstande en oproer arresteer is "--- show trail, in an attempt to distract attention away from the regime's policies and to criminalise legitimate opposition in the townships", sal kry en word artikel 54 van Wet 74 van 1982 afgemaak as 'n "vague and extremely broad section in the Act which would not find a place in any democratic society".

60. BEWYSSTUK AJ22 :

UDF-persverklaring : 24 Oktober 1983.

Die massas word opgesweep teen die aanhouding van aktiviste van UDF en word die Regering beskuldig -

"--- this racist government is setting the scene for a tragic conflict in our society".

Beskuldigde 19 het dié verklaring onderteken.

61. BEWYSSTUK AJ24 :

UDF/DPSC/DSC-persverklaring.

Ook hierin word teenoor die massas verkondig dat "History has shown that violence meted out to unarmed people leads to reciprocal violence in desperation" en word die Regering daarvoor verantwoordelik gehou.

62. BEWYSSTUK AJ28 :

TIC-pamflet.

Die Regering word hier beskuldig dat hy die UDF, RMC, TIC en NIC-leiers slegs arresteer en aanhou om hulle te treiter en dat die Regering geensins belangstel in vreedsame oplossings van die land se probleme nie.

63. BEWYSSTUK AJ30 :

CUSA-persverklaring.

Die aanhouding van sy leiers en lede word teenoor die massas voorgedou as blote treitering deur die Regering.

64. BEWYSSTUK AJ32 :

TIC-pamflet.

Die massas word teen die Regering opgesweep en word hulle geïndoktrineer om te glo dat die arrestasies van UDF, SAAWU, TIC en Anti-PC-leiers uit blote treitering geskied en gedoen is om die leiers te intimideer.

65. BEWYSSTUK AJ33 :

AZAPO-pamflet.

Hierin word al die persone wat sedert 1920 in opstande in aanhouding is, vereer vir hul deelname aan die "vryheidstryd"

66. BEWYSSTUK AJ36 :

BSM/AZASO-pamflet.

Die massas word teen die Regering opgesweep en word verklaar -

"--- het die polisie en weermag honderde mense afgemaai
----- hierdie mense was besig om op wettige wyse teen:
hervestiging, vrot opvoeding --- te protesteer. Dit
is duidelik dat die Staat oorlog op ons mense verklaar
het. Daarom kamerade, laat ons verenig en laat ons
by progressiewe organisasies soos GRACA, GYM, COSAS,
CRAYCO en GRAWO aansluit".

67. BEWYSSTUK AJ43 :

UDF-rondskrywe aan die Streke.

Beskuldigde 19 skryf hier aan al die Streeksekretarisse dat hul massavergaderings moet reël waarin hulle die vrylating van Mathew Goniwe moet eis.

68. BEWYSSTUK AJ47 :

TIC-pamflet : Desember 1984.

Die massas word uitgenooi na 'n protesvergadering teen die

aanhouding van TIC, NIC en RMC-leiers. Die massas word verder teen die Regering opgesweep en word beweër -

"By repressing the peaceful struggles of our people, the Government is inviting and encouraging a show of violence. We thus put the recent unrest in the Townships squarely on the shoulders of the State".

69. BEWYSSTUK AJ48 :

UDF/DESCOM/DPSC-persverklaring : Oktober 1984.

Die Regering word veroordeel vir die aanhouding van COSAS-leiers en lede en word die Regering uitgekryt vir sy "insincerity of recent government attempts to solve the education crisis" en word verklaar "Detentions of student leaders will not bring peace to classrooms in our country".

70. BEWYSSTUK AL4 :

UDF, net soos die ANC, verklaar dat 'n "demokratiese" konstitusie nie tot stand sal kom sonder die "release of all political prisoners, the unbanning of the banned and restricted and the return of those who have been forced into exile".

71. BEWYSSTUK AL5 :

In die stuk, wat ex facie die stuk, 'n UDF-dokument is, word gepropageer dat 'n Nasionale Konvensie alleenlik kan plaasvind as onder andere die aangehoudenenes vrygelaat word, verbannings opgehef word en die Veiligheidswetgewing herroep word.

72. BEWYSSTUK AL83 :

Black Sash, 'n aktiewe ondersteuner van UDF, sweep die massas op om nie aan die verkiesings deel te neem nie, en een van die redes is die -

"--- detention, prosecution and imprisonment of political and community leaders under so-called security legislation passed by a parliament which represents a minority of South Africans".

73. BEWYSSTUK AL.126 :

TIC-pamflet.

Die massas word opgesweep teen die Regering se konstitusionele voorstelle en word SAKP en ANC-leiers vereer vir hul deelname aan die sogenaamde "vryheidstryd" -

"Their sacrifice has not been in vain, nor have those of Gandhi, Naicker, Dadoo, Timol ---- been. Only the scrapping of unjust laws, the return of exiles and the release of political prisoners will bring peace".

Dan word Mandela en sy trawante gepopulariseer as -

"-- the people's true leaders" en
"We demand the release of Nelson Mandela, Ahmed Kathrada, Walter Sisulu and all other political prisoners. We demand a national convention ----".

74. BEWYSSTUK AL.135 :

In die pamflet wat uit Khotso Huis, UDF se kantore te Johannesburg, kom, word verklaar dat die "people's leaders are in prison, exile"

75. BEWYSSTUK AL.150 :

UDF-persverklaring : 2 Julie 1984.

Beskuldigde 19 populariseer Nelson Mandela en sy mede-ANC-lede en word verklaar dat as die Regering ernstig is om vreedsame oplossings te verkry vir die land se probleme, hy Mandela en die ander leiers en aktiviste van die ANC moet vrylaat.

76. BEWYSSTUK AL.154 :

UDF-persverklaring : 23 Augustus 1984.

Jonathan de Vries, een van die samesweerders, propageer dat 'n nuwe Grondwet opgestel kan word slegs as alle politieke gevangenes vrygelaat word, alle verbannings opgehef word, politieke vlugtelingte toegelaat word om terug te keer en alle "unjust" wette herroep word.

HOOFSTUK 13

KAMPANJE F.C.

1.

Die voer van Kampanjes vervul 'n spesiale doel in die strategie van UDF nl. dat dit o.a. baie belangrik is in die politisering van die massas. Vir die ANC is die F.C. van besondere belang, nie alleen is dit 'n deel van hulle program van aksie nie maar is baie belangrik as die basis waarop hulle ^{so genoemde} sy Regering van dié massas gefundeer moet word as 'n sosialistiese vorm van Regering.

UDF verklaar teenoor die wêreld dat dit nie 'n organisasie is wat die F.C. aanvaar nie. Dit is 'n onwaarheid wat doelbewus verkondig word om sekere faksies in die samelewing 'n rat voor die oë te draai om hulle steun en samewerking te verkry. Soos gesien sal word is UDF se "Deklarasie" geskoei na die voorbeeld van die F.C. en verder kan UDF se kampanjes tuisgebring word onder elkeen van die voorskrifte van die F.C. Dit is ook duidelik dat elkeen van die aktiviste en leiers van UDF openlike steun aan die F.C. verkondig.

1.1 UDF self propageer in sy dokumente dat hulle streef na 'n demokratiese regeringstelsel volgens die F.C. As 'n nagedagtenis word dan bygevoeg dat dit so is vir diegene wat die F.C. onderskraag. In al die massa bewysstukke wat ingehandig is, is daar nie een wat nie die F.C. aanvaar nie.

Bew. C 1.

"Our objective is to dismantle apartheid and replace it with a more just and democratic system (as in the Freedom Charter, for those of us who subscribe to it)".

1.2 Popo Molefe, Besk. 19 raak hierdie voorgee uitdruklik waar hy die volgende noem in sy skrywe aan sy kollega in UDF Steve Tshwete waar hy vra vir 'n handleiding aan aktiviste en leiers in UDF.

Bew. C 3/...

Staat
Sukkers
AA M/19 x 20
strategiese + Takties
FC's
program van
ANC

Bew. C 3.

I think this aspect is very important because many of our activists are beginning to ask the following questions -

(a) Why does the UDF not become a Freedom Charter Front?

(b) Are we to compromise Freedom Charter for the sake of tiny liberal non-Charter organisations"

1.3 Steve Tshwete van UDF se antwoorde en handleiding op hierdie kwelvrae is 'n openbaring en besonder insiggewende getuïenis:

Bew. C 4 p 5.

"5. The UDF and The Freedom Charter

Comrades I cannot see how any organisation can be in a position to come up with a better set of demands than those enshrined in this ever ^{de}graan document. At the same time any attempt to formulate a watered-down version of those demands is certainly a sell-out position in the contest of the present struggle. The people of South Africa have gone a very long way to reach the Kliptown pinnacle in 1955. For us, 35 years later, to shun these demands would be outright reconciliation with the status quo and imperialism. I agree that le Grange's linkage cause would be strengthened but, we know and everybody in his right senses knows that the Freedom Charter is and was never an ANC document. The ANC had its own documents like the Constitution, the Bill of Rights and African Claims. The F.C. belongs to the people of South Africa and at this point of our struggle
~~there/...~~

W there is no reason why we should not adopt it as an alternative to the racist constitution. Everyone of those 10 points can be used to rally our people anywhere in South Africa. It has been hailed throughout the African continent as a piece of realistic document. The progressive international mankind has applauded it at various forums as an ideal alternative. Nelson Mandela and Anderson remain fascinated with it right up to now. The masses have coined moving songs out of every point in the 10. The masses of our people love and need to know it deeper. Those of our affiliate who may still entertain aversions against it need to^{b2} educated about it in a persuasive and tactical manner."

Waar Tshwete voorgee dat die F.C. nie 'n dokument van die ANC is nie, is dit klaarblyklik 'n poging aan sy kant om diegene wat dit nie aanvaar nie te "educate about it in a persuasive and tactical manner."

2.

Dat UDF nie 'n aanhanger is van die F.C. nie, is soos reeds genoem 'n truuk om sekere dele van die massas wat dit nie aanvaar nie te mislei. Dit word weereens bewys deur die feit dat daar 'n opleidingskursus vir UDF aktiviste gehou was oor die waarde en belang van die F.C. in hulle vryheidstryd. Uit die dokumente van die kursus - Bew. C 97 - word belangrike feite bewys.

2.1 Die dokumente word so belangrik geag dat hulle onder UDF aktiviste versprei word onder dekking van 'n dekblad met die ANC se simboliese wiel van Vryheid.

2.2 Die feit dat die jaar 1985 verklaar is tot die jaar van die F.C. en dat die F.C. gepopulasieer moet word onder die massas is 'n bepaling en oproep van die ANC. Die feit dat UDF aan hierdie leiding vandie ANC gehoor gee en sy steun toesê aan die voer van 'n kampanje om die F.C. te

populariseer/...

populariseer is van die uiterste belang. Veral so as gelet word op hoe die F.C. gebruik word in die "day-to-day struggles" van die massas.

PROPOSALS FOR THE FREEDOM CHARTER CAMPAIGN EMERGING FROM THE WORKSHOP HELD ON 20 JANUARY 1984 IN JOHANNESBURG

A. AIMS AND OBJECTIVES OF THE CAMPAIGN

1. To popularize the Freedom Charter and its ideology.
2. To educate activists about the Freedom Charter and related issues.
In addition, to build a common understanding and greater cohesiveness at a regional and national level.
3. To present the Freedom Charter as a political alternative by linking it to ongoing mass struggles.
4. To consolidate the gains of 1984.
5. To realise the claim that the Charter is a "living document."

B. PROGRAM OF ACTION

1. EDUCATION: A very important aspect of this Campaign is the question of self-education.
As activists, we cannot expect to educate the masses unless we ourselves have an in depth knowledge of the Charter. Education can take the form of workshop and seminars. Also; papers on the Charter can be read and discussed in small groups.

Together/...

is that of educating

Together with self-education; there is also a need for research in order to enrich and broaden ^{our understanding apart from self education an important task} the masses. The masses of the people must understand the significance and meaning of the Charter. Here; door-to-door work would be invaluable.

2. GRASSROOTS: IN order to "take the Charter to the grassroots"; local struggles, campaigns and demands must be linked to clauses in the Freedom Charter. IN this way each local struggle against oppression and each short-term demand would be linked to the demand for national liberation. The above can be achieved in many different ways: Civic Associations can adopt the clause on Housing; Youth Organisations can link the Freedom Charter Campaign to the IYY and so on with women; the Churches and trade unions.
3. RURAL AREAS: During the C.O.P. campaign in 1955 much attention was paid to rural areas so that the Charter would be representative of both the urban and rural areas. In this spirit the 1985 campaign must not be limited to the cities and towns. Every attempt must be made to reach out to the remote areas of the countryside.
4. CULTURE: Culture is part of struggle and struggle is part of culture. Cultural activities should constitute part of the campaign (e.g. songs of the COP should be revived.)
5. MEDIA: The alternate press has an important role to play in this Campaign. Also posters; buttons etc. should be produced.

Dit is ook n belangrike feit hoedat beplan word om n deel

van/...

van die ANC te wete SACTU spesifiek betrek word.

6. IMPORTANT DATES: May Day; Anti-Republic Day; June 16; the 30th Anniversary SACTU; etc.; should be incorporated into the campaign.

7. PHASES OF THE CAMPAIGN:

The first phase (before June 26) would involve education; publicity and door-to-door work.

This would build up to the second-phase which would involve large-scale activities during the period around June 26 (possibly rallies etc.)

The third-phase covers the period after June 26 during which the Freedom Charter would become a permanent feature of struggles and campaigns.

2.3 Verdere belangrike feite is dat 'n koördinerende struktuur, bestaande uit UDF lede aangestel is om die populariseringskampanje te voer; dat daar geen konflik bestaan tussen UDF se Deklarasie en die F.C. nie en dat UDF uitdruklik verklaar dat dit hierdie besondere kampanje sal steun.

CO-ORDINATING STRUCTURE: The campaign would be co-ordinated by a Co-ordinating Committee consisting of people from the following organisations or constituencies: RMC TIC; Anti-PC: JODAC; YOUTH; STUDENT; WOMEN; CHURCH; and TRADE UNIONS.

D. THE FREEDOM CHARTER CAMPAIGN AND THE UDF:

The UDF; being a front cannot co-ordinate or spearhead this campaign. However; two points must be made:

1. There is no conflict between the Freedom Charter and the Declaration of the UDF.

2. The Charter is a great document that has emerged from the mass-struggles of our people and the COP stands out as the most representative gathering of our people.

It is for this reason that UDF should play a supportive role and also "bless" the campaign. There is a need for further discussion within UDF on its role as regards this campaign.

FORWARD TO THE 30th YEAR OF THE FREEDOM CHARTER:

THE PEOPLE SHALL GOVERN:

- 2.4 In Ander baie belangrike en insiggewende feit is dat die enigste en baie belangrike referate deur twee belangrike aktiviste van UDF gelewer word. Dit is so belangrik geag dat dit versprei word onder ander aktiviste.

THE FREEDOM CHARTER CAMPAIGN

WORKSHOP HELD IN JOHANNESBURG ON THE 20th JANUARY 1985

CONTENTS:

- | | | |
|----|---|---------|
| 1. | THE ORIGINS AND HISTORICAL SIGNIFICANCE OF
THE FREEDOM CHARTER (LALOO CHIBA) | Page 1 |
| 2. | A POLITICAL ANALYSIS OF THE FREEDOM CHARTER
(RAYMOND SUTTNER) | Page 10 |
| 3. | SUMMARY OF THE PROPOSALS OF THE WORKSHOP | Page 33 |

2.5 Laloo Chiba maak dit dan ook baie duidelik dat die F.C. gesien moet word in die lig van die sogenaamde "people's struggle for freedom" In hierdie verband speel veral die ANC en SAKP 'n belangrike rol en het die vryheidstryd groter momentum gekry sowel as meer organisering en ko-ordinasie.

I/...

Hoe UDF en sy geaffilieerde organisasies hierdie kampanje rondom die Freedom Charter gevoer het, blyk ook uit die volgende bewysstukke wat hierna na verwys word.

6.1 In die UDF (Grens) se sekretariële verslag aan die NEC-vergadering van 23-24 Februarie 1985, rapporteer hulle dat een van die kampanjes wat hulle in die toekoms sal besig hou, die een rondom die Freedom Charter is.

BEWYSSTUK: C.11 p. 2.

6.2.1 Hierbo is verwys na die UDF se veelvoudige verwysing na die Freedom Charter se klousule "The people shall govern". In Bewysstuk C.18 waarin die hele kwessie rondom die hou van 'n Nasionale Konvensie bespreek word, stel UDF dit só :

"We need to develop an understanding of how far we still have to go. We need to know what balance of forces is needed before we can draw up a real people's constitution so that, in the words of the Freedom Charter, The People Shall Govern."

BEWYSSTUK: C.18 p.1 ..
SIEN OOK BEWYSSTUK: AL.1.

6.2.2 Dat UDF die Freedom Charter aanhang en sy eie maak, blyk uit die volgende stukkie redenering in dieselfde stuk :

"Why do we need a NC if we already have a programme the Freedom Charter?"

The task of a NC would not be to draw up a programme, but to draw up a constitution for a non-racial democratic South Africa. The Freedom Charter calls for the people to govern. A NC would be part of the mechanism for transferring power to the people, and entrenching that power in the spirit of the Freedom Charter" - p. 3.

6.2.3 Bewysstuk AAD3, wat by Eerw. Sid Lockett, 'n samesweerder, gevind is, is deur UDF uitgegee. Dit is 'n pamflet wat

handel oor die 30-jarige viering van die Freedom Charter en is 'n uitnodiging na 'n massavergadering vir die herdenking van die Freedom Charter.

Die pamflet bevat grepe uit die Freedom Charter, en sluit soos volg af :

"Maar die belangrikste van alles sê die Vryheidshandves - die mense sal regeer! Die tuislande, driekamer parlement, die community councils en management committees is almal puppets van die goewerment.

Ons eis een nie-rassige regering waarvoor almal die reg het om te kan stem.

Hierdie eise wat 30-jaar gelede gemaak is deur miljoene Suid-Afrikaners leef nog steeds voort. Weg met apartheid!

Weg met swaarkry in hierdie land van rykdom!
VOORWAARTS NA 'N SUID-AFRIKA GEBASEER OP
DIE VRYHEIDSHANDVES!" - p. 2.

- 6.3 In Bewysstuk C20, wat in die UDF-Hoofkantoor gevind is, waarin die geskiedenis van die vryheidstryd bespreek word, word afgesluit met die oproep -

"Let us pledge our unflinching support to the
Freedom Charter -----

LONG LIVE THE FREEDOM CHARTER!" - laaste bladsy van die handgeskrewe deel.

- 6.4.1 Op 30 Oktober 1983 was Prof. I. Mohamed, 'n baie prominente aktivis in die UDF, 'n spreker by die UDF People's Rally in Johannesburg. Hy spel dit duidelik uit dat -

"We shall not accept a constitution imposed by a minority ruling class and that there will be no peace in this country until we meet in a national convention with all our leaders now held in prison or exile to determine our constitution based on the Freedom Charter."

BEWYSSTUK: C22, p. 4. SIEN OOK BEW. A.G. 25, BEW W39.P-3, BEW W57 P-46

- 6.4.2 Op 20 Januarie 1985 is 'n Opleidingskursus aangebied in Khotso House, Johannesburg, onder leiding van RMC, 'n

UDF-geaffilieerde. Dit was om strategie te bespreek vir die voer van die kampanje rondom die 30-jarige herdenking van die Freedom Charter.

SIEN BEWYSSTUK: AH9, wat in die UDF-hoofkantoor gevind is

- 6.4.3 Dat Prof. I. Mohamed hierin aktief betrokke was, blyk uit sy aantekeninge daaroor.

SIEN BEWYSSTUK: AH7.

- 6.4.4 Om uitvoering aan hierdie kampanje te gee, is 'n komitee saamgestel uit verteenwoordigers van onder andere RMC, TIC, ANT-PC, JODAC - almal by UDF geaffilieer.

SIEN BEWYSSTUK: AH.10 wat by Prof. I. Mohamed gevind is.
SIEN OOK BEWYSSTUK: W2 p. 1.

Hieruit blyk dat UDF aktief betrokke was in hierdie kampanje, maar, om soos dit gestel word, vir taktiese redes nie op die voorgrond kon tree nie -

"(b) Most of the organizations participating in this campaign and (sic) UDF affiliates. UDF is the political fron(t) that is carry= ing most of our political activity forward. At this point, for tactical reason.UDF has so far not decided to formally run the cam= paign. However, a close relationship between this structures and the UDF needs to be main= tained, and in fact the nature of the rela= tionship should be clearly worked out, both from the point of view of UDF and our commit= tee. Any unnecessary implication should be awarded. Here is suggestion for setting up a media committee would be thrown into question. Also where UDF are a Committee exist no local structure should be developed, etc."
- p. 3.

- 6.5 In Bewysstuk C75 word NIC, 'n geaffilieerde van UDF se stand= punt weergegee oor die Regering se grondwetlike voorstelle. Daarin word elke klousule van die Freedom Charter bespreek as basis vir die grondwet wat hulle wil hê. Onde bespre= king van hul strategie word dit dan gestel -

"We want a South Africa based on the Freedom Charter. The method we would choose is a national convention"
- p. 10.

6.6 In JODAC, wat by UDF geaffilieer is, se program van aksie, word dit in Februarie 1985 gestel dat een van JODAC se vernaamste aktiwiteite in 1985 sal wees om aktief betrokke te wees in die kampanje rondom die Freedom Charter-

"1985 is the 30th Anniversary of the Freedom Charter. The Charter as a historic statement of the minimum demands of South Africa's people is as relevant today as it was in 1955. It links present struggles with those of the past. Its demands around such issues as political rights, economic, social, educational and others are demands that must be met if democracy in South Africa is to be achieved. It helps provides a vision of a future democratic South Africa.

The campaign to popularise the demands of the Freedom Charter is going to be taken up by a number of democratic organisations and will help to bring about greater unity between different areas and constituencies. JODAC's participation in the campaign should aim to :

- * Firstly educate its members about the demands of the Charter, its tradition and significance today.
- * Work with other groups in the Johannesburg area on this issue to broaden an understanding and acceptance of the Freedom Charter.
- * Together with these groups run a mass campaign in the Johannesburg area.
- * Participate in and support the broader Freedom Charter campaign.

As much as possible the Freedom Charter campaign should be linked to all other campaigns and issues taken up by JODAC. It should be a major priority in JODAC and all of our structures and membership should be integrated into the campaign."

BEWYSSTUK: C.78, p. 2.

6.7.1 Op die Algemene Raadsvergadering van UDF (Wes-Kaap) op 16 - 17 Maart 1985, sluit die President sy boodskap soos volg af :

"Long live U.D.F.!
 Long live the Freedom Charter!
 There shall be houses for all
 There shall be work for all
 There shall be equal education for all
 The people shall govern.
 Amandla!"

BEWYSSTUK: C.138, p. 3.

6.7.2 In die Sekretariële Verslag word die program van aksie uiteengesit en word dit gestel dat 'n kampanje, onder andere rondom die Freedom Charter, gevoer sal word - p. 8.

6.7.3 Daar is ook 'n resoluëie aanvaar oor die Freedom Charter -

"This conference notes :

1. the Freedom Charter is the most democratic statement of the people's demands ever drawn up in South Africa;
2. that the demands of the Freedom Charter are still the demands of the people;
3. that the Freedom Charter is also a guide to our unity and on our methods of organising;

calls on all affiliates of the United Democratic Front :

1. to present the Freedom Charter to their membership for debate and adoption;
2. to popularise the Freedom Charter in their work at all times;
3. to honour the clause The People Shall Govern by reflecting the principle of people's democracy in their organisational work". - p. 20.

6.7.4 In sy verslag aan die Nasionale Kantoor oor 'n oorsig van die Front se werksaamhede, het UDF (Wes-Kaap) reeds oor die toekoms gesê -

"1. We should become far less reactive. Our campaigns must be geared towards presenting positive alternatives. We must look at how we can use democratically drawn up documents like the UDF declaration and the Freedom Charter to do so".

BEWYSSTUK: U7 p. 3.

6.8 COSAS, by UDF geaffilieer, stel dit duidelik dat hul eise gebaseer is op, en die uitvloeisel is, van die eise wat gestel word in die Freedom Charter -

"The demands made by us students of South Africa, not out of outside influence but from our own practical experiences, for democratically elected and run

genuine representation in our schools, must not be seen in isolation from other demands in workplaces, community and everywhere our People are. All these led to the drawing of the Freedom Charter which today is 29 years old and which stands for the demands of the People's Democratic South Africa".

BEWYSSTUK: AB9 p. 1.

SIEN OOK BEWYSSTUK: AB43 p. 13.

- 6.9 Ook SOYCO, wat by UDF geaffilieer is, sluit in sy program van aksie in om saam met alle progressiewe magte te werk vir die verwesenliking van sy "non-racialism" soos bedoel in die Freedom Charter -

"17. To make a principled alliance with all the progressive forces striving towards non-racialism as embraced within the ever democratic document; the beacon of the people's liberation; the Freedom Charter".

BEWYSSTUK: AB25 p. 1.

- 6.10 Ook AZASO, wat by UDF geaffilieer is, stel dit dat sy program vir 1985 insluit die voer van die Freedom Charter kampanje wat in 1985 as 'n nasionale kampanje geloods sal word.

BEWYSSTUK: AB30.

SIEN OOK BEWYSSTUKKE: AE.10 p. 5; W.13 p. 3; en W65 p. 2.

- 6.11 UDF het sekere riglyne aan sy geaffilieerde organisasies gestuur vir die daarstelling van 'n Education Charter. Een van dié riglyne is dat daar moet wees -

"Free and compulsory education for all"

soos gestel in die Freedom Charter.

BEWYSSTUK: AB28.

- 6.12 In Bewysstuk AE7, wat uitgegee is deur UDF en UWO, word dit gestel dat die vroue-organisasie ook sal deelneem aan die voer van die kampanje rondom die Freedom Charter. Dit word ook gestel dat dié kampanje, onder andere, gebruik moet word om die vroue te organiseer in die sogenaamde vryheidstryd - p. 3.

- 6.13 In Bewysstuk AG8 (tweede dokument), 'n AZASO-publikasie, wat by S. Mabo (n samesweerder) gevind is, word Zinzi Mandela, n samesweerder, soos volg aangehaal :

"--- those who rejected the Freedom Charter (are) 'traitors'. Those who dared attack the Charter and pose alternatives in the form of their manifesto are diverting the peoples struggle" - p. 1.

SIEN OOK BEWYSSTUK: AG17.

- 6.14 Die RMC, wat by UDF geaffilieer is, gee aan al sy takke sekere riglyne wat hulle moet nastreef in hul program van aksie. Een van die riglyne is -

"5.4 Popularising the Freedom Charter, making it available in all languages.

5.5 Relating the demands of the Freedom Charter to topical political issues e.g. education, housing, removals etc."

BEWYSSTUK: AG.16 p. 3.

SIEN OOK BEWYSSTUK: AH3, W.19 p. 1.

- 6.15 Van belang is om te let op die belangrike plek wat die Freedom Charter inneem in die ideologiese siening van Beskuldigde 19. Hy het hom ook verbind tot die ideale soos beliggaam in die Freedom Charter. Dit is veral ook insiggewend dat dit juis 'n prominente ANC-lid was wat hom oorgehaal het om hierdie idelogie te aanvaar.

"A great influence in his (Beskuldigde 19) change of view was Joe Quabi, an ANC member, who brought Molefe to commit himself to the ideals enshrined in the Freedom Charter, the principle of non-racialism and the concept that South Africa belonged to all those who lived in it."

BEWYSSTUK: AG.19 p. 2.

- 6.16 Bewysstuk AH.1 is by L. Chiba, 'n samesweerder, gevind en geen NIC, 'n UDF-geaffilieerde, se standpunte oor die sogenaamde vryheidstryd weer. Dit spel uit dat die teorie van dié stryd gebaseer is op die Freedom Charter.

"It also represents the beginning of a new era of clarity and perspective, of commitment and vision,

designed to unite and galvanise the majority of South Africans into an unbreakable dynamic whole. In its reflection of a people's commitment to a struggle for equal distribution of resources, the Charter establishes the national democratic nature of our movement, for it is impossible to achieve these laudable goals without dismantling the economic and social order of this unjust society." - p. 3.

Dit word ook uitgewys hoe belangrik die Freedom Charter is in die strategie om die massas te mobiliseer -

"4.3 Testimony to the Freedom Charter as a living document is to be found in the undisputable fact that its programme has not only survived almost 30 years but has during this period formed a continuing basis for the determination of strategy and tactics for organising people, for welding unity and for raising and strengthening consciousness" - p. 4.

Dit word ook uitgespel dat met die stryd voortgegaan sal word ongeag onderdrukking deur die Staat en ongeag lewensverlies. Dit word ook gestel dat -

"The growing militancy of the masses during the last decade bears testimony to the resilience of the democratic movement and to the Freedom Charter as a living document" - p. 7.

Hulle bevestig ook hul standpunt -

"--- to fight side by side to create the society contemplated by the FREEDOM CHARTER" - p. 7.

6.17 Bewysstuk AH4 is gevind by Lucille Meyer en opgestel deur Steve Tshwete - albei prominente UDF-aktiviste. Daarin word die geskiedenis van die Freedom Charter breedvoerig bespreek asook hoe die toekomstige "bevryde" Suid-Afrika daar sal uitsien wat geskoei sal wees op die beginsels vervat in die Freedom Charter. Ten slotte, word die Freedom Charter beskryf as die bron van inspirasie uit die stryd totdat die sogenaamde vryheid verower is -

"May this document remain the source of inspiration it is till the dawn of that great day, which shall be given a name by those who shall see it. It shall be called the Peoples Day of South Africa" - p. 13.

6.18 Bewysstuk AH5 is in die UDF-hoofkantoor gevind en is 'n konsep-bespreking van die Freedom Charter "as an organizing tool". Die bespreking wentel om die kwessie van hoe die Freedom Charter aangewend moet word om die massas te organiseer en mobiliseer. Dit word ook beklemtoon dat die Freedom Charter 'n uiters belangrike plek inneem in die sogenaamde vryheidstryd -

"The FC is the recorded voice of the masses of our people. It is one of the most valuable tools we have in our struggle" - p. 2.

Dat die georganiseerde ^{massas} moet oorgaan tot daadwerklike optrede en rewolusie, blyk uit die slotopmerking -

"Finally, it must be said that the demand that the 'People Shall Govern' cannot be fully realised just by building up strong democratic organisations within the existing apartheid state. The FC calls for --- (etc. quote the demand and explain in simpler words relating to the various instruments of State power - army, police, courts, admin.)" - p. 4.

6.19 Bewysstuk AH6 is in die besit gevind van Amanda Kwadi, 'n prominente UDF-aktivis.

Die publikasie bevat 'n kort geskiedenis van die ontstaan van die Freedom Charter en verder bevat dit die eise soos uiteengesit in die Freedom Charter. Hierdie publikasie is deur NIC, 'n UDF-geaffilieerde, uitgegee en versprei om die Freedom Charter onder die massas te populariseer.

6.20 UDF se betrokkenheid in en bevordering van die kampanje rondom die Freedom Charter blyk ook baie duidelik uit Bewysstuk AH8. Dit is 'n skrywe van UDF, ook onderteken deur Beskuldigde 19 wat aan hulle aanhangers uitgestuur is tesame met onder andere 'n publikasie oor die Freedom Charter getiteld "The People's Charter in the Eighties" - "The former (hierdie publikasie) should lay a good basis for discussion of the Freedom Charter". Dat hierdie publikasie wel

versprei is, blyk daaruit dat 'n afskrif daarvan gevind is by 'n UDF-aktivis in Soweto - Amanda Kwadi.

Hierdie publikasie is 'n referaat wat gelewer is deur Raymond Suttner by die Universiteit van Kaapstad op 26 September 1984. Die inhoud daarvan kom feitlik identies ooreen met die lesing van Raymond Suttner wat gelewer is by die opleidingskursus wat reeds hierbo volledig bespreek is onder Bewysstuk C97.

6.21 Bewysstuk AH.11 is 'n weergawe van die Freedom Charter wat in verskillende Swart tale uitgegee is. Dit is insiggewend dat dit in die besit van Beskuldigde 22 gevind is.

